Donderdag **24 Oktober**
**Skrifgedeelte: Filemon:8-25**
**Fokusgedeelte: Filemon:16 (AFR83/2020)**
**Die evangelie verander alles!**

Die slaaf Onesimus wat weggehardloop het van sy baas, Filemon, is in baie groot moeilikheid. 'n Gevange wegloperslaaf in die eerste eeu kon verwag om enigiets te ontvang van 'n wrede geseling tot brandmerk tot verkoop word om op 'n plaas te werk of verkoop word om in die galeie of myne te werk, of kruisiging of gegooi word vir die wilde diere in die arena. Paulus skryf nou hierdie brief aan Filemon om hom te smeek om vir Onesimus terug te vat *"nou nie langer net as 'n slaaf nie, maar meer as 'n slaaf: as 'n geliefde broer"* (vs 16). Filemon moet die ondenkbare doen en sy wegloopslaaf in liefde ontvang en totaal en al anders oor hom dink. In Paulus se kultuur was pogings om slawerny te beëindig, ongehoord en 'n wêreld sonder slawerny was ondenkbaar. Paulus se pleidooi om Onesimus te verwelkom en dat hy sy vryheid gegee moet word, was ongekend. Maar dit is presies die krag van die evangelie. Dit is op die transformerende krag van die Gees van God wat Paulus aanspraak maak. Wanneer God in sy genade iemand red, verander daardie persoon in sy/haar totale wese. Filemon se voorveronderstellings oor Onesimus moet ook daarmee saam verander.

Daar is vele toepassings wat ons kan maak vanuit hierdie teks, maar ons gaan net een maak. Die toepassing van die teks kan in hierdie stelling opgesom word: "God kan enige iemand 'n kind van Hom maak en dit moet ons nooit vergeet nie." Daar is geen mens op aarde wat buite GOD se bereik is nie. Dit moet ook ons handelinge met alle mense beïnvloed. As God jou tuinwerker, of jou baas, of jou werknemer of jou vyand tot geloof bring, sal jy hom/haar as 'n broer of suster sien en hanteer?

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 2, 3*

*Ds. CJ (Jaco) Lemmer (Buffeldoorns)*